Sing vooraf: Psalm 31:17 (p. 147)

17 Geloofd sy God vir sy genade, / so wonderbaar en groot
aan my, sy gunsgenoot. / Sy oog slaan my in liefde gade;
Hy lei my na 'n veste / in veiliger geweste.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 103:2 (p. 504)

2 Loof Hom wat jou, van skuldelas onthewe, / genadiglik die sondes wil vergewe,
jou krankheid ken en liefderyk genees; / wat van die dood jou lewe weer verskoon het,
met goedheid en ontferming jou gekroon het, / en in die nood is Hy jou hulp gewees.

Gebed

Psalm 141:5 (p. 683)

5 'k Voel my aan liefdetug verbonde: / soos hoofsalf vir my hoof is 't my
as die opregte my kasty; / want liefdetug die laat geen wonde.

Skriflesing: Hosea 10

Teks: Hosea 10:12

Saai vir julle volgens die eis van geregtigheid, maai in ooreenstemming met die liefde; braak vir julle 'n braakland, want dit is tyd om die HERE te soek, totdat Hy kom en geregtigheid oor julle laat reën.
(Hosea 10:12 AFR1953)

Die Here let werklik op of mense sy wil soek of nie.

- Die Bybel openbaar baie duidelik dat die Here uit die hemel neerkyk op die mensekinders om te sien of daar iemand verstandig is wat na God vra.
- Hierdie vers word twee keer herhaal met die klem daarop dat die Here van die hemel af die mense deurkyk om te sien of daar één verstandige is, één wat na die wil van God vra (Psalm 14:2; Psalm 53:2, 3).

Waaroor gaan die klag van die Here? Hy kla almal aan waar trou, liefde en toewyding aan die wil van God ontbreek (Hosea 4:1).

- Oneerlikheid kom by die Here in die spervuur.
  - Daar is altyd maar mense wat iewers die wil van die Here oortree om vir hulleself die een of ander voordeel te kry.
- Die Here spreek Hom baie skerp hieroor uit.
  - Hy sê reguit dat iemand wat goed deur onreg in die hande gekry het, uiteindelik nie daarvan enige voordeel gaan hê nie.

Hy gaan in die hel beland daaroor. Die bedoeling is duidelik:

- Leef oneerlik en beland eendag in die ewige dood.
- Lewe volgens die wil van God, en jy word gered van die dood (Spreuke 10:2).

Ons moenie dink dat ons die enigste mense is wat in die spervuur kom as ons die wil van die Here moet doen nie.

- Alle mense wat die wil van die Here soek, moet soms baie moeilike besluite neem.

- Selfs die grootste geloofshelde moes besluite neem en dinge doen waarvoor hulle nie kans gesien het nie.
- Johannes die Doper het byvoorbeeld glad nie kans gesien om die Here Jesus te doop nie. Maar Jesus het vir hom gesê: Jy moet dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen. Daarna het Johannes ingestem (Matteus 3:15).

Dit beteken maar net dat ons die pad ken. Ons weet wat die wil van die Here is, en ons moet daarby bly, al kos dit inspanning.

Sal ons daarby kan haal? Natuurlik. Onthou hier twee dinge:

- Deur die genade wat God aan ons gee deur die Here Jesus kan ons weet wat die wil van God is, en kan ons dit doen ook.
- Die Here het iets van die Here Jesus voorspel wat van ons ook waar is. Hy het eenkeer die volgende gesê:

  Kyk, my Kneg wat Ek uitverkies het, my Geliefde in wie my siel 'n welbehae het! Ek sal my Gees op Hom lê, en Hy sal aan die nasies die reg aankondig. (Matteus 12:18 AFR1953)

Die punt waaroor dit gaan is dat ons deur die soenbloed van die Here Jesus dienaars van God geword het.

- Die wat hierdie genade deel, staan almal voluit in die liefde van die Here.
  - Hy laat sy Gees op sulke mense kom sodat hulle die wil van God verstaan en vir ander mense vertel.
- Die tweede ding is dat die Here oneindig baie geduld met ons het, en dat Hy ons altyd vergewensgesind is. Hy openbaar hoe die Here Jesus se genade ons bereik wanneer ons geloof agteruitgaan.
  - Hy sê dat Hy 'n riet wat geknak is, nie sal afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie sal uitdoof nie.
  - Die Here sal nie iemand wat nog glo, al is dit rokend en geknak, wegjaag of verstoot nie.
  - Die Here sal die verlossingsbloed van die Here Jesus vir so 'n mens tot redding laat wees. Hy sal die wil van God laat seëvier (Matteus 12:20).

Wat egter net so waar is, is dat mense wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, nie in staat is om die wil van God te kan doen nie (Romeine 8:8).

En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; (Romeine 8:8 AFR1953)

Daarom moet ons baie fyn dink en onderskei sodat ons nie soos hierdie sondige wêreld word nie.

- Ons moet toelaat dat God ons verander deur ons denke te vernuut.
- Dan sal ons ook kan onderskei wat die wil van God is.
- Ons sal dan weet wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is (Romeine 12:2).

Die Here Jesus as mens moes ook soos ons besluite rondom sy geloof en sy aanbidding neem. Hy het daarin 'n baie reguit pad geloop.

- Hy het voluit gebly by dit wat God van Hom verwag het: Dit was die wil van God dat Hy Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld.
- Dit was nie maklik nie, maar Hy het dit gedoen. So het Hy die wil van God ons Vader volbring en ons verlos (Galasiërs 1:4).

Nou het ons ’n baie duidelike plig.

- Ons moet in elke opsig die wil van God soek en dit doen.
- Paulus het vir die Efesiërs geskryf (4:24) dat hulle as nuwe mense moet lewe wat as die beeld van God geskep is.
- As hulle so lewe, sal hulle volkome heilig wees volgens die wil van God.
- Ons hele aardse lewe moet nie meer beheers word deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God (1 Petrus 4:2).

Die straf van die Here oor mense wat van God weet, maar nie wil lewe soos wat Hy van ons eis nie, is verskriklik.

- Die Here sê dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is (2 Petrus 2:21).

Dit is miskien nie altyd lekker om biddend te lewe nie. Veral ons jongmense kan dalk dikwels gespot word en in die oog van ongelowige jong mense in die skande kom as hulle nie met die sonde wil saamspeel nie.

- Soms is die spot teen die ware gelowiges juis omdat hulle nie aan godsdiensvervlakking wil deelneem nie.
- Maar dan is dit die tyd om te onthou dat die apostel Johannes geskryf het dat die wêreld met sy verleidelike dinge verbygaan, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe (1 Johannes 2:17).

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 146:1, 5 (p. 700)

1 Prys die HEER met blye galme,
o my siel, daar ’s ryke stof!
’k Sal, solank ek leef, my psalme
vrolik toewy aan sy lof
en Hom, wat sy guns my bied,
altyd groot maak in my lied.

5 Dis die HEER wat aan die arme
in sy druk laat reg geskied,
wat uit liefderyke erbarme
hongeriges spyse bied;
wat gevang’nes vryheid skenk
en hul in hul smart gedenk.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 3 Junie 2007(aand)